**21 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 97**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 97:9**

## Die Here regeer as Allerhoogste

God word in Psalm 97 besing as die Allerhoogste. As Allerhoogste is daar niemand soos Hy nie. Hy is hoog verhewe bo alle gode. Dit word in die psalm verder uitgebou. Hy regeer en is absoluut in beheer. Hy regeer regverdig. Sy vyande word vernietig en beeldaanbidders word ontnugter, terwyl Hy die regverdiges bewaar en red.

Hy het dit gedoen deur as Allerhoogste God sy Seun na hierdie wêreld te stuur. Die engel sê met Jesus se geboorte-aankondiging: "…jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word" (Luk. 1:31b-32a). As die Seun van die Allerhoogste red Jesus ons deur aan die kruis vir ons sondes te sterf. Hy verlos ons uit die mag van die duiwel. Hy oorwin die dood en regeer nou as Allerhoogste vanuit die hemel.

Hy bewaar ons, want ons behoort aan God. Ons is kinders van die Allerhoogste. Ons word in Lukas 6:35 so genoem: "….sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees…"

Wat 'n voorreg! Ons is kinders van die Allerhoogste God – dié God wat volkome in beheer is. Ons kan ons lewe, ons toekoms, ons alles in sy hande laat!

*Sing: Psalm 97:4 (1936-beryming)* *Ds Abri Pelser (Meyerspark)*